Posbus/PO Box 62056
VAALPARK
1948

Vaalpark Primêr / Primary

Tel (016) 971 2012/3
Faks/Fax (016) 971 1478
www.vaalparkprim.co.za

**21 Augustus 2025**

Geagte Ouers

**RE: Belangrikheid van skoolbywoning gedurende kwartaal drie:**

Ons wil dit graag onder u aandag bring dat skoolbywoning, gedurende kwartaal drie van uiterste belang is. Kwartaal drie is ons projekkwartaal en die projek is van kardinale belang, spesifiek in Tale en Wiskunde, om die kwartaalpunt te bepaal.

Ons versoek u, as ouers, om asb. te verseker dat die leerders by die skool is. Dit gee die leerkragte die geleentheid om genoegsame onderrig, bystand en groepwerk in die klas te verseker, om sodoende, aan die leerders die volle geleentheid te bied, om hulle beste te doen. Die projekte mag onder geen omstandighede by die huis voltoor word nie. Alles word slegs in klasverband gedoen.

Ons het wél begrip dat leerders soms siek word, veral met die verandering van seisoene en dis onafwendbaar, maar wil graag versoek dat die leerders gereeld móét probeer om skool toe te kom. Indien leerders nie by die skool is nie, word 'n geldige doktersbrief verlang.

Huidiglik is die program van die leerders reeds propvol en ons is gedruk vir tyd, wat ook die inhaal van werk vermoeilik.

U samewerking in hierdie verband sal hoogs op prys gestel word.

Vriendelike groete

Nicol Kriel

Skoolhoof

**Vaalpark Primêre Skool/Primary School**
Posbus / PO Box 16
PostNet
Vaalpark
1947
Tel: 016 971 2012/3
Email/Epos: admin@vaalparkprim.co.za

MISSION